# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (2/13)

*Justin Chadwick (11 Januarie 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "You miss 100% of the shots you don't take" Wayne Gretzky (Ice Hockey star)***


**HERINNERING AAN DATUMS VROEG IN DIE NUWE JAAR**

**CGA ROADSHOWS:** 18 Februarie **Zimbabwe en Nkwalini**; 19 Februarie **Pongola, Swaziland en Limpoporivier**; 20 Februarie **Letsitele, Hoedspruit en Nelspruit**; 21 Februarie **Senwes en Onderberg**; 26 Februarie **Boland, Wes-Kaap en Patensie**; 27 Februarie **Oranjerivier en Sondagsrivier**; 28 Februarie **Vaalharts en Oos-Kaap Midlands**; 5 Maart **Suid-KZN. Plekke en tye sal volg.**

**CRI PAKHUIS WERKSWINKELS:** 29-30 Januarie **Limpopo – The Ranch, Polokwane**; 31 Januarie – 1 Februarie **Mpumalanga, Loskopdam Resort**; 12-13 Februarie **KZN & Swaziland, Blue Waters Hotel, Durban**; 14-15 Februarie **Oos-Kaap, Summerstrand Hotel, Port Elizabeth**; 19-20 Februarie **Wes-Kaap, Protea Hotel, Stellenbosch. Registrasie begin om 12:00 op die eerste dag en werkswinkels eindig om 13:00 op die tweede dag.**


**2012 SEISOEN OORSIG - NAWELS**


**Die Oes:** Die Nawel-Fokusgroep het die finale oes (23 630 164 (15Kg) kartonne) met net 3.3% onderskat – aanvanklike voorspelling was 22 872 700 kartonne. Die 2012 uitvoervolumes was 'n aansienlike 14% hoër as die 2011 vlakke, maar net 3% meer as die 2010 uitvoere. Die grafiek toon dat daar meer nawels vroeg en laat in die seisoen was.




**Die Markte:** Meeste van Suider-Afrika se nawels is na die Midde-Ooste (25%) uitgevoer, gevolg deur Noord-Europa (20%), Noord-Amerika (16%), Asië (12%), Suid-Europa (9%), Rusland (8%) en die VK (7%).

**Suidelike Halfrond:** Syfers is slegs beskikbaar vir lemoene as 'n geheel, en in hierdie kategorie is Suid-Afrika duidelik die leier.




**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**